ROLBLAAR BEHEERSTRATEGIE

6. GEVOLGE VAN ROLBLAARSIEKTE

6.1 Omvang van die besmetting in Suid-Afrika

Rolblaar-siekte versprei vinnig in die bedryf. Wanneer rolblaar-besmette wingerdstokke sonder beheer gelaat word, vermeerder die infeksievlakke eksponensieel vir die eerste klomp jaar met 'n gemiddelde jaar-op-jaar toename van 1.94 keer. Dit beteken dat die getal rolblaar-besmette wingerdstokke elke jaar byna kan verdubbel.

6.2 Opbrengsverliese

Verlaagde opbrengste is algemeen in wingerdstokke wat met rolblaarsiekte besmet is, vergeleke met gesonde wingerdstokke. Hierdie verlaging word toegeskryf aan kleiner, oneweredige trosse met minder en kleiner korrels op wingerdstokke besmet met rolblaarsiekte in vergelyking met groter, eweredige trosse met meer en groter korrels op gesonde wingerdstokke. Afname in wingerdstokopbrengs neem toe soos die erns van die besmetting in wingerde toeneem. Sistematiese jaarlikse afname in wingerdstok-opbrengs het 'n kumulatiewe uitwerking op opbrengsverliese oor die leeftyd van 'n spesifieke wingerd.

6.3 Gehalteverliese

Rolbaar-besmette wingerdstokke ondervind 'n vertraging in vrugrypwording en oneweredige vrugrypheid vergeleke met gesonde wingerdstokke.

Afname in suikeropbou en toename in titreerbare suur is algemeen waar wingerdstokke besmet is met rolblaarsiekte vergeleke met gesonde wingerdstokke.

Wingerdstokke besmet met rolblaar toon swak kleurontwikkeling as gevolg van verminderde antosianien-konsentrasies in die pigment van druiwedoppe vergeleke met gesonde wingerdstokke.

Weens die bogenoemde vrugkwaliteit-wysigings word 'n afname in wyn gehalte verwag.

6.4 Verspreiding in Suid-Afrika

Druifrolblaarvirus is teenwoordig in al die wynproduserende streke in Suid-Afrika en wingerde ouer as 15 jaar is oor die algemeen 100 % besmet. Die vlak van besmetting in die streke is nie gekwantifiseer nie en is afhanklik van verskeie faktore waarvan wingerdouderdom seker die belangrikste is.

6.5 Koste

Die vervanging van hoogs besmette wingerde elke 15 tot 20 jaar weens swak opbrengste en verlaagde druiwe gehalte dra 'n geweldige hoë koste. Gesonde wingerde behoort teoreties baie langer produktiewe leeftye te ervaar.

Onderstok-kultivars toon nie sigbare rolblaarsimptome nie en kan nie getoets word vir rolblaarsiekte nie, dus bestaan daar steeds die moontlikheid dat rolblaar deur die entlas kan versprei. Dit kan daartoe lei dat duur kern- en moederblok-vestigings nie benut kan word vir voortplantingsmateriaal nie.

Duur toetse (ELISA) moet gebruik word om wit kultivar wingerdstokke te toets vir rolblaarsiekte vergeleke met die identifisering van rolblaar deur sigbare simptome soos die geval is met rooi druif-kultivars.

Sekere virusse geassosieer met rolblaarsiekte (bv. GLRaV-2) word geassosieer met entlas-onverenigbaarheid en wingerdstok-agteruitgang oor tyd wat lei tot wingerdstok-afsterwing. Indien dit nie opgespoor word deur visuele inspeksie en/of toetsing nie, lei dit tot die produksie van meer voortplantingsmateriaal om te kompenseer vir verliese weens affiniteitsprobleme.

Hierdie navorsing is befonds deur

WINETECH

Departement Wingerd- en Wynkunde, Universiteit Stellenbosch
Outeur: Prof Gerhard Pietersen, Universiteit van Pretoria / LNR-NIPB